

Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Junie 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 31:3, 5 (p. 143)

- 3 U is my eewge rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.
- 5 In U, my God, wil ek weer bly wees; / die guns wat U my bied, / wil 'k lofsing in my lied.
U was dit wat my wou naby wees, / wat my in guns aanskou het / toe ek op U gebou het

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my ang's en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Skriflesing: Lukas 22:31-34, 54-62; 1 Petrus 1:1-16
Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 3

Kernvers: 1 Petrus 1:3-5

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. (1 Petrus 1:3-5 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 3

Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan kan die bekeerdes nie in hierdie genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle

in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is terwyl Hy hulle ook tot die einde kragtig daarin bewaar.

'n Verduideliking by artikel 3

In artikel 2 bely ons hoe die Here deur sy Gees die bekeerde mens lei om self sy verantwoordelikheid te begin nakom deur hom voor God te verootmoedig, sy toevlug tot die gekruisigde Christus te neem, sy bedorwe natuur hoe langer hoe meer dood te maak deur die Gees van die gebed en heilige beoefening van godvresendheid totdat hy heeltemal verlos van hierdie sterflike liggaam met die Lam van God in die hemel regeer. Deur die Heilige Gees is God dus steeds besig om die bekeerdes van hulle bedorwe natuur en be-staan te verlos.

Omdat mense van nature trots is en van oordeel is dat hulle self dinge kan regkry – ook self kan volhard in die geloof – bestaan die moontlikheid by elke bekeerde mens dat hy ook dink dat hy in 'n stadium die werk van die Here kan oorneem. Hy is mos nou weer gebore en die Heilige Gees het hom nou al 'n hele ent in die geloofsgroei gehelp. Daarom kan die bekeerde mens ook dink dat hy nou op sy eie kan volhard in die geloof.

Ons belydenis in artikel 3 bring so 'n bekeerde mens weer tot nugterheid. Dit maak nie saak hoe ver jy al in die geloof gegroei het nie, jy word nooit sterk genoeg om self staande te bly nie. Die inwonende sonde sal ons nooit in hierdie lewe geheel en al kan afsterf nie. Solank as wat ons asemhaal het ons nog hierdie inwonende sonde wat veroorsaak dat ons sondes van swakheid gaan doen.

En afgesien van hierdie vyand binne-in ons is daar ook nog die aanvalle van die wêreld en die Satan wat voortdurend op die bekeerde mens afgevuur word. Om alleen teen drie sulke vyande gelyktydig weerstand te bied is selfs vir die volwasse gelowige – iemand wat al lank 'n Christen is – onmoontlik. Nie eers iemand soos Paulus was bestand teen hierdie drie vyande nie. In Romeine 7 hoor ons van sy voortdurende stryd teen hierdie vyande. Daarom sê ons dat ons nie eers vir 'n oomblik in die geloof staande sal kan bly as die Here ons aan ons eie kragte gaan oorlaat nie.

Gedagtes soos hierdie dat selfs iemand soos Paulus nie eers op sy eie kragte staande sou kon bly in die geloof nie, moet gelowiges ook nie ontmoedig en laat dink: As Paulus te swak was om self staande te kan bly, dan sal ek dit mos nooit maak om enduit vol te hou in die geloof nie. Dit is waar. Niemand van ons sal alleen enduit kan volhou in die geloof nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy elkeen van sy kinders in die genade wat Hy aan hulle gegee het.

Die Here raak nooit verveeld met die werk waarmee Hy begin het in die mens nie. Dit waarmee Hy begin het voer Hy deur tot die einde toe. Daarom gee die Heilige Gees aanhoudend die geloofskrag wat nodig is om aan te hou glo. En daarby belowe die Here self by monde van sy Seun en ons Verlosser dat Hy die gelowiges veilig sal bewaar tot in die ewigheid in (Joh 10:28-29).

Tema: Bekeerdes is voluit in die geloofstryd, maar nooit alleen in die stryd nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dink jouself in hierdie omstandighede in: Jy sit met 'n groot moeilikheid in jou lewe – jy het jou werk verloor, en met jou ouderdom, geslag en velkleur is die kans dat jy 'n ander werk gaan kry bitter skraal; of jy het 'n werkgewer wat die lewe vir jou bitter moeilik maak omdat jy 'n belydende Christen is – jy weet dat jy nie kan bedank nie, want waar gaan jy ander werk kry; of daar is iemand met 'n

huweliksmat wat nie 'n Christen is nie en dié persoon maak die lewe vir die Christen in die huwelik ondraaglik.

Hierdie is regtig nie van die omstandighede waarin 'n mens jousef graag wil bevind nie, maar nou het dit oor jou gekom. As gelowige gaan jy na jou ouderling of predikant of Christenvriend en jy verduidelik jou moeilike omstandighede. Jy het na een van hulle gegaan om raad en bemoediging te kry. Hoe gaan jy voel as die een met wie jy gaan praat het, sy gesprek met jou begin met die uitroep: Prys die Here!

Ek is seker jy sal so een skeef aankyk en by jousef dink: Maar jy weet nie waarvan jy praat nie. Of jy gaan omdraai, want so 'n opmerking is darem regtig ongevoelig en ongevraagd. Hoe kan 'n mens nou die Here loof en prys oor die swaarkry wat jy beleef?

Broers, susters en kinders, wanneer jy hierdie eerste brief van Petrus aandagtig gaan deurlees, sal jy agterkom dat die moeilikhede waarvan ons so pas gepraat, die goed is wat hierdie gelowiges vir wie Petrus skryf regtig beleef het. En kyk hoe begin Petrus om hulle te bemoedig. Hy begin in vers 3 met 'n lofprysing aan die Here.

Nou sal 'n mens dadelik vra: Maar is dit nie onbedagsaam van Petrus nie? Die swaarkry wat hierdie gelowiges beleef is werklik en dit is erg. Weet Petrus dan nie wat sulke swaarkry aan 'n mens se verhouding met die Here kan doen nie? Hy weet mos dat 'n gelowige nie volmaak is nie. Daarom is die kans baie groot dat hulle uit swakheid dinge gaan doen wat 'n verlose en bekeerde mens nie behoort te doen nie. As hulle sondes van swakheid gaan doen omdat die aanvalle van die wêreld en die Satan vir hulle te erg raak, is dit mos die Naam van ons goeie God wat belaster gaan word.

Dit is nie dat Petrus onbewus is van die moeilikheid waarin hierdie gelowiges verkeer nie. Hy is beslis nie ongevoelig oor hulle swaarkry nie. Dit is ook nie dat hy onbewus is van hulle eie swakheid nie. Hy weet self hoe erg daardie sondes van swakheid is. Hy wat Petrus is, het die Here Jesus drie maal na mekaar verloën omdat hy vir sy eie lewe gevrees het. En toe die haan daardie oggend gekraai het, het Petrus gesien hoe Jesus na hom kyk nadat hy Hom verloën het. Sondes van swakheid is dinge wat hy gedoen het omdat hy nie weer-stand kon bied nie. Die aanvalle van buite af was net te aanhoudend en sy inwonende sondige geaardheid het die deure wawyd oopgegooi vir hierdie aanvalle, want hy was bang vir sy eie lewe.

En hy wat so bang was daardie nag van Jesus se verhoor is dieselfde een wat vroeër voortvarend genoeg was om vir Jesus te sê dat hy Hom nooit in die steek sou laat nie. Ja, selfs as al die ander dissipels uit vrees die Here gaan verlaat, sou hy wat Petrus is, dit nooit doen nie. Hy het gedink dat hy nou ver genoeg in sy geloof en vertrouwe in Christus gegroei het sodat hy op sy eie die aanvalle sou kon weerstaan. En tot sy eie verdriet en tot skade en skande van sy Here het hy tot dié besef gekom: Dit maak nie saak hoe lank jy al in Jesus glo nie, en dit maak nie saak hoe naby jy aan Jesus lewe nie – jy is net nooit sterk genoeg om alleen met jou eie kragte weerstand te bied teen die aanvalle van jou drie aartsvyande nie.

Jesus het egter vir die behoud van Petrus en van Petrus se geloof gebid. In hierdie bemoediging het die Here aan Petrus die versekering gegee dat God hom en sy geloof sal bewaar in hierdie swaarkry wat hy gaan beleef. Hierdie belofte het Jesus aan Petrus gegee voordat Hy vir hom gesê het watter swaarkry hy gaan beleef.

Wanneer Petrus sy brief dan begin, begin hy ook eers met hierdie bemoedigende belofte

van die Here se bewaring voordat hy by die afsonderlike moeilikhede kom wat hierdie gelowiges beleef. Maar nou moet ons mooi oplet waarop hierdie belofte van bewaring gegrond is, want dit is nie sommer maar net 'n belofte nie. Ja inderdaad, al die beloftes van God kan ons onvoorwaardelik glo, want God bly getrou aan sy eie woorde. Maar die beloftes van die Here hang nooit in die lug nie. Sy beloftes staan vas. En die belofte dat God die ge-lowiges in die geloof sal bewaar en behoue laat bly, staan vas op die fondament in vers 3:

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, (1 Petrus 1:3 AFR53)

Die belofte dat God die gelowiges in die geloof sal bewaar, staan vas in die verlossing wat Hy deur sy Seun Christus vir hulle bewerk het. En om aan te toon hoe standvastig hierdie fondament is beklemtoon Petrus drie maal dat die verlossing van gelowiges alleen van God af kom. Hy begin om te sê dat God **na sy grote barmhartigheid** die verlossing geskenk het.

Verlossing – en dit het ons nou al oor en oor ook in ons Dordtse Leerreëls bely – word nooit aan die mens geskenk omdat die mens werd is om verlos te word nie. Inteendeel, die mens is van nature net werd om veroordeel te word tot die ewige en regverdige straf van God. Want nadat die Here die mens goed en volmaak geskep het, het die mens al die goeie gawes wat die Here aan hom gegee het weggesmyt omdat hy gedink het die beloftes van die duiwel is beter as die Here se beloftes.

Barmhartigheid en genade is in 'n groot mate dieselfde. Die Here gee dit onverdiend aan die mens omdat Hy Homself daardeur wil verheerlik. God wil en kan 'n gebore vyand van Hom verander in 'n gehoorsame kind wat Hom gewillig en met oorgawe dien en eer. En God se barmhartigheid staan so rotsvas soos wat Hy self rotsvas is. Sy barmhartigheid is on-veranderlik soos wat Hy self onveranderlik is.

Daarom kan ons die Here loof. Die verlossing van 'n gelowige is nie gebou op die wankelrige gevoelens van sy hart en van sy werk nie. Dit staan vas in die onbeweeglike barmhartigheid van die Here self.

Die tweede bewys dat die verlossing van God af kom, is in hierdie woorde opgesluit: **God die Vader ... het die wedergeboorte aan ons geskenk**. In hierdie woorde hoor ons die gesprek wat Jesus met Nikodemus gehad het (Joh 3). Soos wat 'n mens liggaamlik gebore word, so is die gelowige ook geestelik gebore. Soos wat 'n mens geen aandeel in sy eie liggaamlike geboorte het nie en ook nie daaraan meegewerk het nie, net so het die bekeerde mens geen aandeel in en het hy ook geen bydrae tot sy wedergeboorte gemaak nie.

Die Heilige Gees dring in tot in die binneste dele van die mense vir wie Jesus Christus aan die kruis gesterf het. Hy verlig hulle verstand, besny hulle harte en stort nuwe eienskappe in hulle wil in. Hierdie werk van die Heilige Gees is net so magtig soos God se skeppingswerk en wanneer Hy 'n dooie lewendig maak. Prys die Here dat Hy die wedergeboorte aan mense skenk.

God die Vader ... het die wedergeboorte aan ons geskenk tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode. Hier is die derde bewys dat die verlossing van God af kom. Die Vader het sy Seun Jesus Christus uit die dood opgewek om die verlossing van mense volledig te maak. In sy dood aan die kruis het Jesus die straf

op die sondes gedra. In sy opstanding uit die dood het Jesus die oorwinning oor die sonde en die dood vir die gelowiges behaal. Jesus Christus het die straf volledig op die sonde gedra en sy opstanding is die bewys dat Hy dit afgehandel het.

In Jesus Christus het die gelowiges 'n lewende hoop. Wêreldse hoop is op die uiterste maar net 'n wens. En hoe langer 'n mens wag dat die wens bewaarheid word, hoe swakker word die hoop. Maar die lewende hoop is nie 'n wens nie. Dit is 'n sekerheid omdat Jesus Christus uit die dood opgestaan het, en hoe nader die dag van die wederkoms kom hoe sterker word die hoop. Daarom kom alle eer God alleen toe. Die verlossing van gelowiges is nie maar net wensdenkery nie. Dit staan vas en seker, want God het dit self gedoen deur sy Seun en Gees.

En nou moet ons oplet vir watter doel God so 'n vaste en seker verlossing aan mense geskenk het:

sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. (1 Petrus 1:4-5 AFR53)

Deur Jesus Christus se dood aan die kruis het die testament geldig geword en kan dit uitgevoer word wat in die testament geskryf staan. Die erforsies mag nou uitgedeel word. Gelowiges mag God nou as hulle Vader in die hemel aanroep, want deur Jesus Christus het hulle kinders van God geword. Gelowiges mag nou in die teenwoordigheid van die heilige God kom, want die Heilige Gees was hulle sondes weg met die bloed van Jesus Christus. Elke keer wanneer 'n gelowige met berou by God opreg om vergifnis smeek, was die Heilige Gees daardie sonde so geheel en al weg dat God nooit weer daaraan wil dink nie. Deur die krag van Christus se opstanding kry gelowiges dit nou al reg om oor sommige sondes in hulle lewe te triomfeer en deur hulle verbondenheid aan Christus het hulle nou reeds die ewige lewe.

Kind wees van God, sondevergifnis en die ewige lewe is die erfenis wat gelowiges op grond van Christus se verlossingswerk by God kry. Maar nou weet elke gelowige dat hulle be-lewenis en genieting van hierdie erfenis nog maar gedeeltelik is. Die sondes wat hulle nou nog uit swakheid doen, veroorsaak twyfel oor hulle kindskap van God. Soms pla 'n sonde wat 'n mens gedoen het jou jare nadat jy vergifnis gevra het by God. En die lewe wat ons nou op aarde lei lyk so ver van die heerlikheid van die ewige lewe af. Dit is alles so omdat die volle erfenis vir ons in bewaring gehou word deur God in die hemel. Dit is eers met die wederkoms van Christus dat gelowiges die volle erfenis gaan ontvang.

Maar die Here gee die versekering dat niks en niemand ooit hierdie erfenis van die gelowiges kan wegneem nie. God self hou dit in bewaring. Maar dit is nie net die erfenis wat in bewaring gehou word nie. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees bewaar God ook elkeen vir wie Jesus Christus sterf deur die geloof. Die Here sê as't ware vir die gelowiges: Julle moet onthou en glo dat ek twee hande het. Met die een hand hou Ek julle erfenis in bewaring in die hemel. En met my ander hand hou Ek julle in bewaring. En Ek bring julle by julle erfenis uit sodat julle My vir ewig kan loof en prys en eer.

Geliefdes, ons belydenis in artikel 3 spreek tot elkeen van ons. Vir ons wat gedink het ons sal op ons eie kragte nou goed genoeg kan regkom, hou hierdie woorde 'n waarskuwing en vermaning in. Op ons eie sal ons nooit staande kan bly teen die aanvalle van ons drie aartsvyande nie. Laat ons daarom aanhoudend tot die Here bid om die versterking deur die Heilige Gees.

Vir ons wat weet hoe swak ons is en weet hoe gereeld ons in die sonde struikel, bied hierdie woorde vertroosting en bemoediging. Moet nooit twyfel aan die Here se volgehoue werk aan jou en sy bewaring van jou nie. Hy weet jy is swak en Hy weet dat jy sal struikel, maar Hy bly getrou aan Homself. Hy sal elke gelowige bewaar sodat hy nooit deur sy sonde uit die genade van God uitval nie. Daarom kan en mag die gelowige na 'n struikeling in die sonde weer opstaan en teruggaan na God en by Hom om vergifnis smee.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-4:2, 5, 6 (10:2, 5, 6)

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Junie 2016